# TOUCHER

**CENTURION ROLBALKLUB CENTURION BOWLS CLUB**

(www.centurion.bowls-club.co.za)

secretary@centurion-bowls.co.za

## NUUSBRIEF / NEWS LETTER

**Oktober 2024 October**

***Yesterday is gone. Tomorrow has not yet come. We have only today. Let us begin.*** **Mother Teresa**

**ONS PRESIDENT AAN DIE WOORD**



Dit is amper nie moontlik om spel op ons perke sonder Louie met daardie rooi rolballe en verskeidenheid van lappe rondom haar voor te stel nie. Op ‵n persoonlike noot sal ek Louie altyd onthou vir die lekker manier waarop ons saam geoefen het pas nadat ek by ons klub aangesluit het, vir haar toewyding, vir haar omgee en vir soveel ander dinge. Thea se boodskap nou die aand i.v.m. Louie se skielike heengaan het my diep getref en ek wens, namens ons almal, vir Stephan en hulle gesin Christus se vertroosting en seën in hierdie geweldig moeilike tyd toe.

Daar is sekerlik baie min van ons wat nie bly is dat ons "vroegopstaanoggende" en die verkeer waardeur ons moes vleg om ‵n speelplek in die sosiale spel te kry, vir eers verby is nie. Met albei perke wat weer vanaf 22 Oktober vir spel beskikbaar is, kan ons nie anders as om uit te sien na ‵n heerlike somer vol rolbal, sonneskyn en die feesseisoen wat voorlê nie.

Die aanvang van die BGN-ligaseisoen het terselfdertyd aangebreek en ons wil ons drie dames- en drie mansligaspanne baie sterkte vir hierdie kompetisie toewens. Die onderskeie ligaspanne is na ‵n intensiewe liga-voorbereidings- en keuringsproses, wat onder die bekwame leiding van Dorina en Johan plaasgevind het, op 19 Oktober aangekondig. Dit is ‵n voorreg om elkeen wat Centurion Rolbalklub as ligaspelers trots in Gauteng-Noord gaan verteenwoordig, daarvoor te bedank. Ons eie klubkompetisies skop in November af en ons vertrou dat elke lid van ons Klub hierdie jaar aan een of meer van hierdie kompetisies sal deelneem. Die besonderhede van die onderskeie klubkompetisies vir die 2024/5-seisoen is reeds op die kennisgewingbord aangebring en verdere kommunikasie in hierdie verband sal binnekort uitgestuur word.

Intussen is een van ons menige hardwerkende lede, Leon, agter die skerms besig om die inkomste van ons klub te probeer verhoog deur spanbou-aksies, jaarafsluitings- en ander funksies wat ons op ‘n gereelde basis by die klub aanbied, aktief onder besighede en instansies in ons omgewing te bemark. Julle sou opgemerk het dat hy onlangs ‘n versoek aan elkeen van julle gerig het vir inligting i.v.m. moontlike kennisse/kontakpersone wat in besighede/instansies werksaam is en wat hy in hierdie verband kan nader. Hy het o.a. ‘n e-biljet in hierdie proses saamgestel rondom die funksies wat ons kan aanbied en kan dit tot julle beskikking stel, indien julle belangstel. Laat hom asseblief onmiddellik weet as julle bewus is van enige iemand wat moontlik in sulke funksies belang mag stel.

As Bestuurskomitee fokus ons tans hoofsaaklik op die opgradering van ons perke, ons sosiale spel, pro-aktiewe kommunikasie met ons lede en die klub se finansiële welstand. Ons werk ook saam met die 2:4:2-groep wat bereid is om die nodige materiaal te skenk om onderhoudswerk in die klubhuis te doen en te verf. Ons sê vir hulle en vir elkeen van julle wat deur julle betrokkenheid en harde werk ‘n bydrae tot die sukses van ons klub lewer, baie dankie daarvoor.

**HOOGTEPUNTE**

Christa Roux het op 22 September by die geledere van die 80-superliga aangesluit - baie geluk, en ons allermooiste seënwense!




Onder leiding van ons klublid met die voornaam uit die Romeinse keiserryk, naamlik Tertius van de Venter, verloop die maandelikse Worslopies steeds seepglad, met baie pret en pryse. Die lopie op 3 September is gewen deur Veronica Bannenberg en Andre Jacobs, en dié op 15 Oktober deur Willem van Zyl en Koos Schoeman. Ook raakbalwenners, en selfs bedenklike presteerders is vereer met kleiner pryse. Welgedaan, en baie geluk!

Nasionale Braaidag het op 24 September aangebreek en het nie ongesiens by die klub verbygegaan nie. Terwyl ŉ voltal van 48 spelers ŉ wonderlike sarsie rolbal kon geniet, het Nico Rau en Loutjie de Jager se flinke braaivleisvure alreeds komende eetgenot voorspel. Dames het gesorg vir heerlike potbrood en slaai, en Emma McCabe se nagereg was ŉ algehele hoogtepunt. Wat ŉ wonderlike ervaring, en groot dank aan al die betrokkenes!

Op Saterdag 19 Oktober is die ligaspelers en reserwes vir 2024/2025 aangekondig tydens ŉ stylvolle seremonie waartydens elkeen bekroon is met sy/haar spreekwoordelike pet. Hierdie was die resultaat van harde werk deur die keurkomitees in die reël van baie oefenwedstryde en intense beraadslaging. Zinda Müller het ŉ puik motiveringspraatjie gelewer, waarna elkeen getrakteer is met heerlike worsbroodjies en roomys, danksy die harde werk van Jaco Immelman en Rina Meyer, en hulle helpers. Voorwaar ŉ treffende aanhef vir die komende liga-seisoen!

Danksy die harde werk van Leon Smith en vrywilligers kry die klub gereeld welkome besoek deur deelnemers aan korporatiewe rolbalgeleenthede. Hierdie funksies bied ŉ waardevolle platform vir die werwing van nuwe lede, en besorg ook aan die klub baie welkome inkomste. Baie dankie, Leon

**VANWAAR GEHASI?**



**Ronèll van Zyl**

My lewe word gerig deur Jesaja 6:8 (1983): *Toe het ek die Here hoor vra: "Wie kan ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?" Ek het geantwoord; "Hier is ek! Stuur my!"*

Ek kan vandag my storie vertel, alleenlik deur Jesus se dood aan die kruis, en Sy genade!

Ek het grootgeword op Lambertsbaai, as 'n laatlam rooikop met genoeg sproete. My pa het destyds 'n Mobil garage en kafee/restaurant gebou, asook 'n blomwinkel vir my ma. So het ek as "keffie kat" my liefde vir mense en somme gekry.

Ek was deel van die eerste groep kinders wat vir st 8 hoërskool toe moes gaan en het by Hoërskool Dirkie Uys op Moorreesburg in die Boland geland. Na skool het ek by die Kaapse Technikon 'n sekretariële kursus gedoen. My beroep was tot en met aftrede, ontvangsdame vir dokters.

Ek was 16 jaar oud toe Willem my in ons kafee kom "uitkyk" het. Sy oupa het hom gestuur. Vier jaar later is ons getroud en het ons op Potchefstroom ons sakke sout saam begin eet. Nou na 45 jaar saam, kyk ek as infanteris se vrou terug en besef dat daardie moeilike, alleen maande as "grens-weduwee", met my man ontplooi, ver weg van die huis af, my net sterker gemaak het.

Ons het drie kinders – 'n dogter en seun wat in Rooihuiskraal woon en 'n laatlam in Switserland. Ons is geseënd met vier pragtige kleindogters en een kroonprins! Skoolvakansies kom vier van hulle by oupa en ouma kuier en dan word hulle goed bederf.

Willem het my aangemoedig om rolbal te speel, maar ek was maar skrikkerig vir die son. Drie en 'n halfjaar gelede was ek 'n besoeker by die Twilight-kompetisie, en daar het die rolbalgogga my gebyt. Kobus Nieuwoudt het my afrigbaar bevind en nou kry jy my nie van die baan af nie!

Ons verruil wel ons rolbalballe, nie net vir visstokke en die vêr pad Namibië toe om elke jaar vir drie maande by Kaap Kruis Lodge te gaan kamp en die see, woestyn en mense te geniet nie, maar ook vir Switserland se mooi berge, watervalle en natuurskoon. "Best of all ends!"

Aan die Here al die eer vir Sy goedheid en guns vir gesondheid en rolbalvriende wat aftrede aangenaam maak.

Mooi loop!

**KOMPETISIES**

**Klubkompetisies**

Gelote driespelkompetisies vind plaas in November 2024. Die orige kompetisies (in 2025) is ook almal reeds geskeduleer. Die rooster vir die klubkompetisies is in die klubhuis aangebring, en voldoen aan 'n groot behoefte. Baie dankie, Dorina en David!

**BGN-kompetisies**

Deelnemers aan die Gemengde Vierspel op Donderdagaande te Villieria Rolbalklub was Jaco Immelman, Hadri Roux, Maria Steyn en Zinda Müller, asook Magdaleen Antonites, David Engela, Barend Lundie en Elize du Plessis. Almal het die aandspel baie geniet!

Die 2024/2025 ligaseisoen skop amptelik af op Saterdag 26 Oktober, met damesspanne in die 2de, 3de en 4e divisies, en mansspanne in die 1e (met nuwe onderskeidende hemde!), 4e en 6e divisies. Baie sterkte vir die komende veldslae!



**ROLBALONTWIKKELING**

Die Woensdagmiddag parespel in 2-4-2-formaat is steeds 'n groot sukses, met telkens 'n aantal kandidate wat wil speel op die waglys. Karien Roos en Eurika Lawrence, baie dankie!

Zinda Müller en Pieter Pretorius doen groot moeite op Maandag- en Dinsdagmiddae met die opstel van oefenbane, veral vir die gebruik van ligaspelers. Deelnemers getuig met groot lof oor die waarde van die oefensessies – dankie Zinda en Pieter!

**LEDESAKE**

**Verjaarsdae in November**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Jan Ebersohn | 17 | Frank Wepener |
| 7 | Tillie Kamper | 21 | Magda Timmerman |
| 10 | Yvonne Bock | 25 | Koos van Dyk |
| 11 | Isabel Jacobs | 30 | Annie Marais |
| 16 | Conrad Greve | | |

**Verjaarsdae in Desember**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4 | Ernst Müller | 22 | Barend Lundie |
| 8 | Yvonne Clausen | 26 | Martelize Prinsloo |
| 11 | Theo Munroe | 27 | Adri Behr |
| 12 | Cathy Austen | 27 | Emil Haarhoff |
| 19 | Piet van der Merwe | 31 | Ted Harley |

**Nuwe lede**

Baie welkom aan die volgende nuwe lede:



Barry en Elize Stoop



Adriaan Louw



Thai Theron



Etienne Naude

Afrigting van belangstellendes kontinueer, met groot dank aan die afrigters Zinda Müller, Bosman Olivier, Hermien Velleman en Leon Smith.

**Lief en leed**



Ons innige meelewing met Stephan Weber en familie met die heengaan van Louie. Die meelewing raak ons ook onderling, want ons het 'n geliefde rolbalmaat verloor. Haar teenwoordigheid was vanselfsprekend, en haar toewyding tot die spel onvergeetlik. Ons treur saam, maar met dankbaarheid oor pragtige herinneringe. 'n Huldeblyk verskyn in die volgende uitgawe.

Andre Ligthfoot en Dawn de Beer het mooi herstel na onlangse hospitalisasie.

Ons dink aan Christa Roux wat mooi aansterk na 'n heupvervangings operasie en ook aan Ted Harley wat 'n vel oorplantings operasie op sy been moet ondergaan. Sterkte!

**Speeltye (Somer)**

Dinsdae - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00

Donderdae - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00

Saterdae - gemengde spel, skyfies in 13:00 vir 13:30

Spel word Saterdae in klubdrag gespeel en gewone drag vir die ander dae. Vir klubwedstryde en klubfunksies trek ons ook klubdrag aan.

**Fondse**

Ledegeld en ander inbetalings wat betaal word moet as verwysing jou naam en van toon, asook waarvoor jy die betaling maak. Dit sal die Tesouriere se taak aansienlik vergemaklik.

Klubfooie kan verkieslik direk in die klub se bankrekening inbetaal word.

Bankbesonderhede:

Centurion Bowling Cub

ABSA Centurion
Tjekrekening nr 405 332 3178
Takkode: 632005
Verwysing: Naam en waarvoor

Ledegeld plus BGN affiliasiefooi is ten volle betaalbaar teen 31 Oktober 2024.

Ledegeld (affiliasie ingesluit) bepaal soos ouderdom op 1 Julie 2024

75 jaar en ouer: R2290.00
jonger as 75 jaar: R2510.00

Spesiale reëlings vir afbetaling kan met die Tesouriere gereël word.

Skakel met Marieta Fourie by: secretary@centurion-bowls.co.za of Marieta.fourie@dustaside.com

## Boeke

Snuffel gerus in die boekrakke vir iets om te lees en huistoe te neem. Daar is 'n kassie waarin jy R5 per boek moet ingooi. As jy klaar gelees het, bring die boek asseblief terug sodat iemand anders ook die leesgenot daarvan kan hê. Baie dankie, Judy, vir die versorging van ons boeke.

## GREENS, FACILITIES AND SERVICES

Both greens have re-opened after the annual reconditioning. Our greenkeeper Bosman Olivier, his team and volunteers (like Willem van Zyl and Nic Roelofse) deserve our utmost appreciation for the hard work done, and especially for the fact that play was not interrupted at any stage. Nico Rau and Willie Kruger have our sympathy in constantly dealing with the rebellious north-side gate motor. Eventually they will conquer! Dalina and Pieter Brits do marvellous work in keeping the bar tenants happy, as do Rina Meyer and all the ladies who are in some way or another involved with the club house kitchen. A big thanks to all!

## KLEINJAN

*Hi ma,*

*Met die Olimpiese Spele verby en die rugby goed aan die gang, kan ek nou weer stil word en vir ma 'n skrywe neer pen.*

*Die rugby laat my soms met bekommernis en Grassie laat my partykeer worry as hy so baie veranderings aan die span maak. Dan is dié klomp in en dan is dié klomp uit. Dan swaai sy kop hom weer heeltemal en dan is dié wat uit was weer amper in en omgekeerd. Net Willie, vir wie ek mos nie baie vat het nie, speel die hele baan vol in al die posisies en weet ook nie of hy in of uit is, al is hy in nie.*

*Ek is ook bly dat Driekuns saam met Sieja en Eerbin sy boks fight gewen het. Hy het daardie opponent so hard gewurg dat hy amper uitgepaas het.*

*Twee van ons litte by die klub het die nuwe pawiljoen se dak gaan opsit. Een is 'n ingeneur en een was onbekwaam. Die een wie nie 'n ingeneur is nie het in die proses sy bisêp en sy traisêp mors af geskeur. Potblou van kop tot tone. Hy het by die ongevalle se voordeur omgedraai. Wys jou nou net weer wat gebeur as jy onbekwaam is. Hermanus, wat nou 'n oupa is, het 'n skouer operasie gehad maar hy strek nie tot bekommernis nie. Dit was blykbaar 'n sukses en ons is almal gesamenlik bly vir hom.*

*My tuintjie is weer gras groen en oral uitgeloop. So pragtig soos 'n meisie in haar trourok voor die aanvang van haar lewe met haar manlike meeloper.*

*Ek het hier ŉ rooi blom wat nie ŉ roos is nie. Weet ma miskien wat dit kan wees? Ma het nie so een op die plaas nie.*

*Ek het met die doktor van die klub wat die beeste so goed ken, weer in gesprek gegaan. Hy sê dat sekere uintjies baie nadelig is vir beeste. Ek het nou al die uintjies in die tuin eers gelos. Daar was nog nie een bees hier by my nie en ek hoop dit gaan so bly want beeste kan baie skade maak in ŉ klein tuintjie.*

*Ek het ŉ gawe goedkoop witbrood beskuit resep by Eifel gekry. Jy koop ŉ witbrood wat al naby sy vervaldatum is. Sny dit in twee vinger dukte snye, en dan in repe op die lang kant, ook twee vingers breed. Maak nou suikerwater aan, ses teelepels op ŉ koppie water. Spuit die gesnydes mildelik met ŉ spuitbottel en plaas in direkte son vir twee tot drie dae. Dit moet net buite bereik van voeltjies en hatiedas wees. Ma met hierdie resep spaar ŉ mens al die elektriese tyt van die bak proses en die uitdroog proses. Dit klink vir my jy kan vyngemaakte anyssaadjies ook by die suikerwater voeg vir ŉ spesiale smaak.*

*Ek gaan vir Eifel vra of daar nie nog spesiale goedkoop resepte is nie. Nou se dae met al die verhoogde kos pryse moet mens enige besparings met beide jou hande begryp.*

*Die nuwe bestuurders in die verskillende poste by ons klub is ook weer per stemming gekies. Wurg is weer die baas en ŉ dame lit is die onderbaas. Daar is nou heelwat van die teenoorgestelde geslag wat op die komitee dien. Vooruitgang ma, vooruitgang.*

*Die son gaan weer die blou wille weerlig uit ons brand hierdie somer op die bane. Daar is mos nie ŉ boom waaronder jy kan staan as jy rol nie. Dis anners as golf.*

*Ek speel Saterdag teen Jaspur en moet bietjie gaan oefen, daarom moet ek nou eers weer die pen neerlê.*

*Groete daar vir almal.*

*Nog steeds ek.*

*Kleinjan.*

**AND IN CLOSING..........**

**Bowls - peace for souls**

The smooth-trimmed greens await the running bowls,

The hard-won pennants flutter in the breeze,

Our kindly game brings peace unto men's souls,

What matter our defeats or victories?

(Goodwin PG. *The bowling companion*)

o-O-o

Stuur asb jou nuuswaardighede aan Gerrit Kamper by kampergd9@gmail.com., praat met hom op die rolbalbaan of in die klubhuis, of skakel met hom by 0731715630.

Besoek gerus ons webwerf by: www.centurion.bowls.co.za en ook by : https://centurionrolbalklub.shutterfly.com. (Foto's)

Neem ook kennis van die Klub se e-posadres: secretary@centurion-bowls.co.za

Wanneer u e-pos aan hierdie adres stuur, sal dit minstens al die lede van die Dagbestuur bereik.